KULTUUR IN GEMEENTES

Die sogenaamde Leesspanne van die Suider-Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes (SAVGG) het die kultuur - dit wil sê die diep waardes, persepsies, standaarde en gewoontes - van ongeveer 70 deelnemende gemeentes getoets. Daar was heelwat dinge wat die groep se aandag gevang het en ook dinge waaroor hulle wonder. ***Pieter van der Walt****, koördineerder van die leesspanne, deel hier enkele hiervan.*

Ongeveer 1700 lidmate van die gemeentes wat deel vorm van die *Vennootskap van Gestuurde Gemeentes* het stories vertel, ervarings gedeel en hulle idees en gevoelens beskryf aan mede-lidmate wat hierdie insigte sonder filters neergeskryf het. Die leesspanne van die Vennootskap het hierdie stories en beskrywings intensief bekyk.

Ons het vir mense gevra om te vertel hoe hulle **God se teenwoordigheid en aktiwiteit** in hulle gemeentes ervaar en om ervarings van werklik betekenisvolle **aanbidding van God** te beskryf. Hulle het hul **hoop, verwagtinge en vrese** in verband met die toekoms van hulle gemeentes gedeel. Ons het uitgevra oor hoe **konflik** in die gemeentes hanteer word. Hulle het gepraat oor die **versorging van mense** in die gemeente. Hulle het vertel hoe hulle voel oor **veranderinge die afgelope 3-5 jaar** in die gemeente en in die gemeenskap en hulle het beskryf hoe hulle die **verskil** sien tussen die gemeente en die omringende gemeenskap.

> Daar is 'n baie diep behoefte in gemeentes aan egte, eenvoudige ontmoetings met God

- Al het ons stemme gehoor wat die implikasies van die kruis-evangelie vir die roeping van gemeentes in Afrika ernstig neem, is ons getref deur wat dalk genoem sou kon word 'n algemene voorsieningheidsgeloof. God is die Een wat beskerming bied in onseker tye en wat lewensmiddele voorsien. Hy is die "seënende" God, die Een wat die gawes gee. Hy is die Een wat die onverstoorde voortgang van gemeente-aktiwiteite voorsien en in stand hou. Die uitdaging vir leierskap in gemeentes is om gesamentlik Bybel te lees, te bid en te besin om God beter te leer ken en uit te vind waarheen God met die gemeente op pad is.
- Daar is 'n diep behoefte in gemeentes om weg te kom van 'n gemeentekultuur wat "intellektueel, formeel en aan strukture georiënteer" is. Hierdie soort benadering word ongelukkig dikwels met "tradi-

sie“ verbind en dit sal goed wees indien ons Pat Keifert se onderskeid in gedagte hou: “Tradition is the living faith of the dead. Traditionalism is the dead faith of the living.”

- Daar ‘n baie diep behoefte in gemeentes aan egte, eenvoudige ontmoetings met God. Die interessante is vir ons dat die kerk in ‘n verbruikerskultuur gesien word as die instansie wat handel dryf in godsdienstige goedere en in netjies verpakte ontmoetings met God wat afgestem is op godsdiensverbruikers. Dit lyk vir ons of die uitdaging is om eredienste beter te leer lei as ‘n egte ontmoetingsgebeure en om die hele gemeentelewe te sien groei vanuit hierdie egte en eenvoudige ontmoeting. Ons sal ook weer ‘n slag moet dink oor die programme en aksies van die gemeente. Die leesspanne het raakgesien dat “suksesvolle“ bediening in ’n groot mate vereenselwig word met betrokkenheid en “besig wees“. Dit is asof gemeentes dink hoe meer goedgeorganiseerde aktiwiteite hulle het, afgestem op die wyd uiteenlopende behoeftes van lidmate, hoe groter is die kans om mense besig te kry en dus te slaag as gemeente. Dit wil byna lyk of gemeentes in ‘n welvaartkultuur graag “restaurante“ wil wees met ’n uigebreide spyskaart waaruit mense kan kies hoe en waar hulle wil inskakel. Juis in gemeentes wat skynbaar hierin slaag, weerklink die roep na egte, eenvoudige ontmoeting met God.

> Ons uitdaging is om ‘n dieper en oper gemeenskap tussen mense te kweek met die Woord en die kruis van Christus as enigste middelpunt

- Die vraag waarmee mense na die eredienste toe gaan is: “Wat kry ek daar vir my?“ Dit lyk of aanbidding gesien word as die moment waar my behoeftes vervul word. Ons uitdaging is om ’n dieper en oper gemeenskap tussen mense te kweek met die Woord en die kruis van Christus as die enigste middelpunt.
- Gemeentes wil die ervaring hê dat God die gemeente lei. Vernuwingsplanne wat lyk na blote sakeplanne, maak mense angstig. Die uitdaging vir gemeenteleiers is om genoeg saam te luister na wat werklik gebeur en na God deur die Woord en gebed. Die leierskapskuif wat gevra word, is van bestuur na geloofsonderskeiding.

> Die wil om jongmense vir die kerk te behou, is sterk ... ons sal dalk beter moet verstaan dat die jeug slegs in die kerk sal bly as die gemeente self bereid is om die kinders lief te hê en oor die generasiegrens gestuur te word.

- Die kwessie van die verwelkoming van vreemdelinge dwing ons om vrae te stel soos: Wanneer voel vreemdelinge welkom in die kerk? Wie is welkom in ons gemeente? Dink ons ook aan niegelowiges? Mag mense hier inkom net soos hulle is, of moet hulle eers word soos ons? ‘n Senior persoon het opge-

merk: "Ons Christene is skuldig dat ons mense wegjaag deur 'n veroordelende houding."

- Die wil om jongmense vir die kerk te behou, is sterk. Dit lyk of die strategie wat mense bedink om die jeug te behou vir die kerk meestal is om iemand af te vaardig om aan die ander kant van die generasiegrens "onder die jeug" te werk. Ons sal dalk beter moet verstaan dat die jeug slegs in die kerk sal bly as die gemeente self bereid is om die kinders lief te hê en oor die generasiegrens gestuur te word. Veral in die middel en boklas gemeenskappe is die kontak met tieners baie min en die ironie is dat dit juis daardie gemeentes is wat genoeg geld het om afsonderlike bediening aan die jeug in te koop. Hulle het as't ware 'n "projek met die jeug".

Een besondere, brose gemeentestorie het ons laat vermoed dat 'n gemeente wat gevorder het op die moeilike pad van kulturele grense oorsteek, ook vryer is om werklik op God te fokus.

- Opmerkings soos: "Ons is maar die gemeenskap" en "Dit lyk of ons maar saamloop met die gemeenskapskultuur", dui daarop dat gemeentes nie werklik sigbaar anders is as hulle omgewing nie. Lidmate soek meer uniekheid in die kerk in die sin dat die kerk anders is as die gemeenskap, leef met 'n ander bestaansdoel en waardes.

Ons wil dit wat met moeite in die koinonia bediening gekweek is, ten alle koste bewaar.

- Daar is merkwaardig baie opmerkings soos: "Dit is tyd dat die samestelling van ons gemeenskap beter in die kerkbanke weerspieël word". In bykans elke gemeente wat ons gelees het, was daar een of twee stemme wat sê ons wil deel wees van Afrika of van die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Iemand sê: "Ou gemeentelede het getrek, maar ons het nog nie daarin geslaag om die nuwe inwoners te laat tuiskom nie. Dit behoort vir ons gemeente die grootste uitdaging te wees."
- Een besondere, brose gemeentestorie het ons laat vermoed dat 'n gemeente wat gevorder het op die moeilike pad van kulturele grense oorsteek, ook vryer is om werklik op God te fokus.
- Dit is duidelik dat die meerderheid mense dink konflik hoort nie in die kerk nie. Dis die een plek waar ons nie van mekaar behoort te verskil nie. Reaksies op 'n vraag oor konflik in die gemeente is gewoonlik ontkennend ("ek weet van niks"). Konflik word meestal "verdoesel, weggewens, onder die mat ingevee".'n Belangrike vraag is: "Wat help met die vestiging van 'n kultuur van oop gesprek?" Dalk belemmer te veel intimiteit gesonde konflikhantering. Ons wil dit wat met moeite in die koinonia bediening gekweek is, ten alle koste bewaar. Leiers is nodig wat nie skrik vir konflik nie, wat dit omhels as 'n groeigeleentheid en wat 'n veilige ruimte skep waarbinne almal vrymoedig aan die gesprek oor moeilike sake kan deelneem.